

Die Gees oortuig ons dat ons God se kinders is

Is jy 'n kind van God? Hoe weet jy dit? Daar is mense wat sê dat hulle hulle bes probeer, maar jy kan nooit seker wees nie. As jy as gelowige twyfel, is die Gees dadelik by om jou te oortuig dat jy God se kind is. Hoe doen Hy dit? Hy verseker jou van jou verlossing in Christus deur jou te lei, te laat roep en te laat getuig.

Eerstens lei Hy ons deur die Woord. Paulus sê in vers 14: “Almal wat hulle deur die Gees laat lei is kinders van God.” As ons twyfel, oortuig Hy ons heel eerste deur die Woordverkondiging en die gebruik van die sakramente dat ons God se kinders is. Hy verduidelik die verlossingswerk van Christus oor en oor aan ons (Joh 14:26) en verseker ons deur sy Woord en beloftes dat ons inderdaad God se kinders is. Jy weet jy is 'n kind van God as jy iets van die Gees se bestuur met die Woord in jou lewe ervaar. As jy nog iewers twyfel, wil Hy jou verder oortuig.

Tweedens oortuig Hy jou deur gebed. Paulus sê in vers 15 dat dit die Gees is wat jou kinderlik en in vertroue na God laat roep: “Abba!” Dit beteken Vader.” Hy gebruik ook jou gebede om jou te verseker dat jy kind van God is. Hy laat jou deur gebed iets beleef van die intieme Vader-kind-verhouding en Vader-kind-liefde. Hy maak dit moontlik dat jy God dien as 'n gewillige kind en nie met die vrees van 'n slaaf nie. Jy bevind jou nie meer op die slawemark nie, maar jy is vrygekoop. As jy iets van hierdie nuwe verhouding ervaar, iets van die kindwees voel, kan jy wéét jy is 'n kind van God.

As daar nog 'n sweempie twyfel by jou is, praat Hy diep in jou hart met jou om jou te oortuig van jou kindskap. Hy getuig saam met jou gees dat jy kind van God is (vs 16). Die Gees is die Een wat in jou hart nie alleen geloof gee nie (Ef 2:8), maar in jou hart God se genade as 't ware vasstamp sodat jy oortuig word dat jy regtig God se kind is. Hy hou die vlam van die geloof in jou hart aan die brand. Uiteindelik is Hy die Een wat jou en elke ander gelowige, die bruid van Christus, met oortuiging laat roep (Op 22:20): “Kom, Here Jesus!” So verseker die Gees jou deur Woord, gebed en in jou hart van God se liefde vir jou. Ken jy ook die oortuigingswerk van die Gees in jou lewe?

Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2

Ds. TJ Potgieter (Bloemfontein-Noord)